

9 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 11:11-24

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Romeine 11:22

Kos vriendelikheid jou werklik niks?

Vriendelikheid kos niks! Dit is hoe mens voel wanneer jy in die openbaar tussen mense beweeg. Wat sal dit hulle kos om net meer vriendelik te wees? Steek jy bietjie hand in eie boesem, dan besef jy meteens hoe kort van draad jy gister was! “Kos vriendelikheid regtig niks?”

Vriendelikheid is deel van die vrug van die Gees in jou as Christen. Die Griekse woord vir vriendelikheid (1953-vert. “goedertierenheid) in Galasiërs 5:22 is “chrestotes”. In hierdie woord sit die gedagte van “*bruikbaar*” wees, “*iets gebeur of vind plaas wat tot voordeel is van iemand anders*”. Wanneer jy vriendelik is, is jy besig om goed te doen en iemand anders trek die voordeel daarvan! Vriendelikheid kos dus inderdaad!

In Romeine 11:22 word “chrestotes” ook gebruik, maar met “goedheid” vertaal. Hier begin dit by die goedheid/vriendelikheid van God. In Paulus se tyd het daar gelukkig as gevolg van Jesus se kruisdood en opstanding mense uit die heidennasies en mense uit die Joodse bevolking tot bekering gekom. Maar tog het ook hulle gedurig in sonde geval. So val ek en jy ook gedurig in “onvriendelikheid” en bring ons min of geen voordeel vir ander mense nie. Om díe rede word in Romeine 11:22 verkondig dat jy moet let op God se goedheid/vriendelikheid en sy strengheid.

Jy as 'n gelowige wat die vrug van vriendelikheid in jou het, moet iemand wees wat voordeel bring vir ander mense. Dán beantwoord jy aan jou roeping, dán gee jy gehoor aan die Heilige Gees wat in jou werk ...

Dink jy nog steeds dat vriendelikheid niks kos nie? Nee, God se vriendelikheid vir jou het Jesus Christus se lewe gekos. God is goed-vriendelik vir jou sodat jy vir ander goed kan wees, vriendelik is met ander, wat vir hulle voordeel en waarde gee.

Sing: Psalm 97:7

Ds. J van Schaik (Randburg)